# Studiebrief 102/3/2017

Inklusiewe Onderwys B

## ETH306W

## Semester 1 & 2

## Departement van Inklusiewe Onderwys

**BELANGRIKE INLIGTING**

Hierdie studiebrief bevat belangrike inligting oor u module.

BAR CODE

Define tomorrow.

UNISA university of south africa

Beste student

Hierdie studiebrief bevat die volgende inligting:

1 Dosent se kontakbesonderhede
2 Algemene riglyne oor inklusiewe onderwys
3 Leerders wat leerprobleme ervaar
4 Intellektuele belemmering: Down-sindroom
5 Outisme
6 Boeke oor inklusiewe onderwys

U sal binnekort nog ’n studiebrief asook riglyne vir die eksamen ontvang.

## 1 Dosente: Die dosente vir hierdie module is:

Mr. Lindokuhle Mkhuma
Tel: 012484 1121
E-mail: mkhumi@unisa.ac.za
Address: UNISA Sunnyside Campus, Building no. 10, Office 1-96, Pretoria 0003

Dr. Mary G. Clasquin-Johnson
Tel: 012 484 1267 (kantoorure)
E-pos: clasqmg@unisa.ac.za
Adres: Unisa Sunnyside Kampus, Gebou 10, Kantoor 1-57, Pretoria 0003

## 2 Algemene riglyne oor inklusiewe onderwys

Die hoofdoelwit van hierdie module is om inligting aan u te verskaf oor die verskillende soorte hindernisse wat leerders in skole kan ondervind asook maniere waarop u hierdie leerders kan ondersteun en bystaan. Hopelik sal hierdie module ook u ingesteldheid teenoor hierdie leerders verander, omdat die klasonderwysers dikwels die enigste mense is wat ’n verskil in hierdie jong mense wat so maklik agtergelaat kan word, se lewens kan maak.

Oor die afgelope paar jaar is talle beleide oor inklusiewe onderwys en spesiale behoeftes in onderwys in Suid-Afrika saamgestel. Dit het beteken dat die terminologie wat in Suid-Afrika gebruik is, ook verander het. Probeer om die nuwe opgedateerde terminologie te gebruik. Verwys dus eerder na iemand wat ’n liggaamlike belemmering het en moet nooit na die persoon as ’n gestremde verwys nie! Die hele persoon is nie gestrem nie! U sal egter oplet dat daar in die *Opsomming van leerhindernisse* wat die Onderwysdepartement in 2004 vrygestel het, na ‘gestremdhede’ verwys word. U sal nie in hierdie module gepenaliseer word indien u verouderde terminologie gebruik nie. Onthou ook dat ons deesdae verkies om na ‘leerders’ in die klaskamer of skoolsituasie te verwys eerder as na ‘kinders’. Daar is heelwat volwassenes in klaskamers en ons verwys beslis nie na hulle as kinders nie.

U weet nou al dat daar verskeie hindernisse bestaan wat ’n leerblokkasie by leerders kan veroorsaak, en dat hierdie hindernisse in intrinsieke en ekstrinsieke hindernisse ingedeel word. In ontwikkelende lande soos Suid-Afrika speel ekstrinsieke hindernisse ’n meer prominente rol as in ontwikkelde lande.

*Ekstrinsieke hindernisse* is, onder andere, sosio-ekonomiese faktore soos geweld, misdaad, armoede, die onderwysstelsel, die gemeenskap se rol en gesindheid, en taalkwessies.

*Intrinsieke hindernisse* sluit in sensoriese hindernisse, naamlik visuele en gehoorbelemmerings; liggaamlike hindernisse; neurologiese hindernisse wat insluit breinletsels, serebrale verlamming, spina bifida en epilepsie; kognitiewe hindernisse wat wissel tussen begaafdheid tot ernstige intellektuele belemmering; chroniese siektes en infeksies soos wanvoeding, allergieë, asma, tuberkulose, chroniese asemhalingsinfeksies, MIV-infeksie; en outisme wat as ’n ernstige afwyking ten opsigte van kommunikasie, interpersoonlike verhoudings, gedrag en denke beskryf kan word.

Die Onderwysdepartement (2004:39) het die volgende opsomming van moontlike leerhindernisse tydens ’n werkswinkel verskaf:

**OPSOMMING VAN LEERHINDERNISSE**

**PEDAGOGIES**

- Onvoldoende ondersteuning van opvoeders
- Onvanpaste en onbillike assesseringsprosedures
- Rigiede kurrikulum
- Leerstyle
- Tempo van onderrig
- Wat onderrig word (inhoud)
- Klaskamerbestuur en -organisasie
- Die leer- en onderrigtaal (LOT) (leerders word dikwels in Engels as hul tweede taal onderrig alhoewel hulle nie Engels kan praat nie)

## MEDIESE BELEMMERINGS

### Sensoriese belemmerings, liggaamlike belemmerings, siektes en ander

- Gehoorverlies
- Visuele belemmering
- Neurologiese belemmerings
- Serebrale verlamming
- Leerbelemmerings
- Akademiese leerprobleme
- Kommunikasie-afwykings
- Perseptuele afwykings
- Motoriese afwykings
- Sosio-emosionele probleme
- Geheueprobleme
- Aandagprobleme
- Liggaamlike belemmerings
- Afwykings van die skelet
- Spierswakheid en verlamming
- Gesondheidsbelemmerings en leerders wat chronies siek is
- Harttoestande
- Tuberkulose
- Rumatiekkoors
- Asma
- Hemofilie (bloeiersiekte)
- Loodvergiftiging
- Leukemie
- Diabetes

*Kognitiewe belemmerings*

Intellektuele belemmerings word geklassifiseer as:

- Nie ernstig nie
- Matig
- Ernstig
- Baie ernstig

MAATSKAPLIK

- Erge armoede
- Laat inskrywing
- Gebrek aan vroeë ingrypingsprogramme
- Natuurrampe en epidemies
- Mishandeling, misdaad en tienerswangerskap
- Bendes
- Geweld in buurt en tuis
- Geslagskwessies in kultuurgroepe en die samelewing
- Houdings
- Gebrek aan basiese fasiliteite soos water, elektrisiteit en toilette
- Huistaal verskil van onderrigtaal

SISTEMIES

- Gebrek aan basiese en geskikte leer- en onderrigsteunmateriaal
- Gebrek aan bystand
- Onvoldoende fasiliteite by skole
- Oorvol klaskamers
- Gebrek aan moedertaalopvoeders

Volgens UNESCO (2001:32) verrig inklusiewe onderwys die volgende funksies:

1 Dit erken dat alle kinders kan leer en dat almal die een of ander vorm van ondersteuning met leer nodig het.
2 Dit beoog om leerhindernisse bloot te lê en te minimaliseer.
3 Dit strek wyer as formele skoling, en sluit die huis, die gemeenskap en ander geleenthede in vir onderrig buite skoolverband.
4 Dit gaan oor die verandering van houdings, optrede, onderrigmetodes, kurrikula en omgewings om aan alle kinders se behoeftes te voldoen.
5 Dit is ’n dinamiese proses wat voortdurend verander volgens plaaslike kulture en kontekste, en dit is deel van die wyer strategie om ’n inklusiewe gemeenskap tot stand te bring.
(UNESCO, 2001. *Understanding and responding to children’s needs in inclusive classrooms*. Beskikbaar by: http://www.unesco.org/education/educprog/sne)

Inklusiewe onderwys daag onderwysers in gewone skole uit om weer na te dink oor en te herbeplan dit wat hulle in hul klaskamers doen om leerders te help om die leerhindernisse te oorkom wat hulle dalk het. Gewone onderwysers kan die meeste uitdagings te bowe kom wat leerders met leerhindernisse in gewone klaskamers ervaar deur hul eie kreatiwiteit in te span, en deur gebruik te maak van ander onderwysers en kundiges in die gemeenskap se kennis en insig. Dit is dalk nodig om aanpassings aan die kurrikulum aan te bring ten einde leerhindernisse te verwyder en om dit vir alle leerders moontlik te maak om deel te neem. Hierdie aanpassings kan die uitkomste insluit wat van leerders verwag word, asook toerusting en onderrighulpmiddels wat gebruik word, die metodes wat toegepas word, die wyses waarop die leerders geassesseer word en die vlak van die inhoud in die skoolkurrikula.

UNESCO (2001:67) verskaf die volgende algemene raamwerk vir aanpassings aan die kurrikulum:

- Die leerder
  Indien ’n leerder in my klas leerhindernisse ervaar, hoe beïnvloed dit die leerder se leer? By watter spesialiste of kundiges kan ek hulp en raad kry?

- Die klaskamer en skoolomgewing
  Watter veranderinge aan die klaskamer, skoolgebou en die omgewing kan dit vir die

leerders makliker maak om skool toe te kom en te leer? Watter ondersteuningshulpmiddels kan nodig wees?

- Skoolvakke

  Watter veranderinge ten opsigte van die vlak-uitkomste en die verwagte uitkomste moet ek aan die vakke maak wat ek onderrig? Dit dek die vlak waarop ek die vak vir die leerder onderrig asook die verskeidenheid vakke wat ek onderrig.

- Onderrigstrategieë

  Watter veranderinge moet ek aan my onderrigmetodes aanbring om by die leerder se behoeftes te pas?

- Deelname aan ander skoolaktiwiteite (sport, klubs, skooltake, ens.)

  Watter veranderinge kan ek maak om die leerder se aktiewe deelname te verseker?

- Toetse, eksamen en assessering

  Watter veranderinge moet ek maak om die leerder se leer te assesseer?

Ons glo dat spesiale skole vir leerders wat ernstige belemmerings soos blindheid en doofheid ervaar, steeds sal bly voortbestaan. Die kundigheid waaroor die onderwysers by hierdie spesiale skole beskik, sal egter ook ingespan word om onderwysers in ander skole op te lei en hierdie skole sal dus hulpbronsentra word. Dit word in die vooruitsig gestel dat ’n aantal Suid-Afrikaanse skole uiteindelik sogenaamde ‘volledigediensskole’ sal word wat vir al die behoeftes van leerders wat leerhindernisse ervaar, voorsiening sal maak.

## 3 Leerders wat leerprobleme ervaar

Leerprobleme verwys nie na leerders met leerprobleme wat hoofsaaklik die gevolg van visuele, gehoor-, motoriese of intellektuele belemmerings is nie. Leerprobleme verwys na die probleme wat met sielkundige prosesse verband hou ten opsigte van die begrip of gebruik van geskrewe en gesproke taal. Dit kan sigbaar word in ’n gebrekkige vermoë om te luister, dink, praat, skryf, spel of om wiskundige berekeninge te kan doen. Hierdie leerders ervaar dus probleme om

sekere vaardighede aan te leer wat nodig is om sukses in die skool te beleef. Onderwysers is gewoonlik vaagweg bewus daarvan dat hierdie leerders beter behoort te vaar. Hulle bereik dalk ’n spesifieke leerarea se uitkomste, maar hul prestasie is nie in ooreenstemming met hul werklike potensiaal nie. Leerders met leerprobleme en leerders met gedragsprobleme vorm die grootste deel van leerders met leerhindernisse in ons skole.

Perseptuele vermoëns kan as belangrike voorvereiste-vaardighede vir leer in sekere leerareas in die skool beskou word. Hierdie leerders kan die probleme te bowe kom deur perseptuele oefeninge te doen terwyl hulle met hul skoolwerk in lees, skryf en wiskunde gehelp word. Perseptuele probleme word in Afdeling D van Bylae F in u studiegids bespreek. Probleme wat leerders met taalvermoë, lees en wiskunde of gesyferdheid ervaar, word ook in die studiegids bespreek. Onthou om nie die term *disleksie* te gebruik wanneer u na leesprobleme verwys nie, omdat die term slegs gebruik word in ernstige gevalle wanneer probleme met geletterdheid volhou.

Die Britse Sielkundevereniging (1999:5)* het die volgende werkende definisie van disleksie aanvaar: “Disleksie is duidelik wanneer akkurate en vlot woordlees en/of spelling baie onvolledig of met groot inspanning ontwikkel. Dit fokus daarop om geletterdheid aan te leer op woordvlak, en impliseer dat die probleem ernstig is en aanhoudend voorkom ten spyte van geskikte leergeleenthede. Dit bied die grondslag vir ’n opgestelde assesseringsproses deur middel van onderrig.” (vertaling)
*British Psychological Society 1999. *Dyslexia, literacy and psychological assessment.* Leicester: British Psychological Society.

## 4 Intellektuele belemmering

Vermy dit om terme soos ‘verstandelike gestremdheid’ te gebruik wanneer u na leerders verwys wat intellektuele belemmerings ervaar. Dit is heeltemal onaanvaarbaar. Die klassifikasiestelsel, soos dit in die studiegids bespreek word, word ook nie meer gebruik nie.

Leerders wat intellektuele belemmerings ervaar, het ’n algemene of globale agterstand op alle ontwikkelingsterreine. Dikwels ontwikkel persepsie nie teen ’n normale tempo nie. Dit lei tot die

stadige ontwikkeling in liggaamsbeheer, asook hand-oog-integrasievaardighede. Spraak- en taalvaardighede word teen ’n stadiger tempo aangeleer. Dit het verreikende implikasies vir algemene kommunikasie asook vir leer. Hierdie leerders se spesiale en emosionele ontwikkeling vind dikwels stadig plaas, en dit kan hul sosialiseringsvaardighede beïnvloed. Dit is partymaal moeilik om meer subtiele simptome van intellektuele belemmering te identifiseer.

Met die aanvaarding en groei van inklusiewe onderwys in ons land sien ons dat al hoe meer leerders met Down-sindroom suksesvol in ons skole opgeneem word. Daarom gee ons vir u meer inligting oor Down-sindroom in die besonder.

*Down-sindroom*

Down-sindroom is die gevolg van ’n afwyking in die gene in die 21e paar chromosome. Kinders met hierdie sindroom se leertempo is gewoonlik stadig en hulle het ook ander liggaamlike simptome. Kinders met Down-sindroom is normaal baie liefdevolle mensies en daarom word daar partymaal na hulle as ‘hemelkinders’ verwys.

Die volgende afdeling oor die kenmerke wat ’n invloed op leer het, is geneem uit die *DS Bulletin* (2005, 11(1):32–35). Die *DS Bulletin* is die Down-sindroomvereniging in Tshwane se nuusblad.

Ten einde die leerder met Down-sindroom suksesvol by skoolaktiwiteite in te sluit, moet alle personeellede betrokke by die daaglikse bestuur van die leerder se kurrikulum en klaskameraktiwiteite aandag skenk aan die volgende kenmerke:

| Mediese kwessies en fisiese kenmerke | Implikasies | Strategieë |
|---|---|---|
| ***Motoriese vaardighede*** | | |
| Swak manipulerings-vaardighede as gevolg van: | Handskrif kan te groot of te klein en lig wees | Gebruik ander take om aan te teken, soos knip en plak, verskeie keuses. |
| ○ Hipotonie (lae spiertonus) in arms, hande, rug | Handvaardighede soos knip, die gebruik van konkrete materiale en toerusting (liniaal/passer) kan minder akkuraat wees en stadiger uitgevoer word. | Gebruik groot/aangepaste toerusting (liniaal met skerper rand vir vaste greep/bordpasser). |
| ○ Korter ledemate en vingers | Stadig om tabelle, kaarte, ens. te teken | Verminder die hoeveelheid aktiwiteite/werk wat verwag word. |
| ○ Verminderde stamina | | Verskaf pro formas in ’n groter grootte met ’n bietjie inligting wat reeds aangebring is. |
| ***Visuele persepsie*** | | |
| ○ Vind dit moeilik om ’n volgorde te bepaal<br><br>○ Draai beelde om | Vind dit moeilik om ’n patroon/opeenvolging waar te neem en te voorspel<br><br>Nie in staat om ’n syfer altyd korrek te lees nie, bv. | Modelleer ’n patroon deur konkrete voorwerpe te gebruik wat by ’n gegewe patroon pas, of direk bo of direk onder die patroon is. |

| | | |
|---|---|---|
| | 43 word 34, 6 word 8 | |
| ○ Lukrake visuele deurkyk van omgewing | Sal inligting weglaat wanneer dit in ’n bondel of lukraak deurgegee word | Oor-leer deur van visuele/ tasbare/ verbale wenke gebruik te maak.<br>Leer nommers soos telefoonnommers uit die kop.<br><br>Leer om van regs en na onder op die bladsy te vluglees.<br><br>Wanneer getel word, kan voorwerpe fisies aangeraak/ geskuif/ uitgehaal word. |

| Kognitiewe kenmerke | Implikasies | Strategieë |
|---|---|---|
| ***Intellektuele belemmering*** | | |
| ○ Leerder vertoon 'n wye verskeidenheid vermoëns<br><br>○ Letterlike begrip van woordeskat<br>○ Abstrakte denke is beperk<br>○ Nie in staat om kennis op 'n nuwe situasie oor te dra nie<br>○ Nie in staat om afsonderlike stukkies inligting te verbind om skakels te vorm nie | Asinchronie in vakgebiede, bv. kan meer vaardig wees in lees as in wiskunde. Die leerder met DS wissel in sy/haar vermoëns en vaardighede in vergelyking met sy/haar portuurgroep – vergelykings is moeilik.<br><br>Werktempo is stadig deels as gevolg van intellektuele belemmering en swak motoriese vaardighede.<br><br>Dit wil voorkom asof hy/sy verstaan maar kan nie die taak begryp nie<br><br>Die leerder sal woorde met meer as een betekenis verkeerd vertolk; bv. lig kan met gewig of beligting te doen hê. | Verminder die werklading sodat die leerder die aktiwiteit kan voltooi.<br><br>Gebruik die taakanaliseproses – onderrig elke komponent van die vaardigheid in volgorde. Wanneer die komponente bemeester is, modelleer die hele proses.<br><br>Abstrakte begrippe sal:<br>1. Ondersteun moet word deur konkrete materiale in te span om nuwe vaardighede te onderrig.<br>2. Uit die kop geleer moet word wanneer die leerder min begrip toon. Gebruik taakanalise. Onderrig elke komponente is bemeester. Modelleer die hele proses in enige nuwe konteks. Onderrig elke stukkie inligting afsonderlik terwyl |

| | | |
|---|---|---|
| | Nie in staat om ’n taak te interpreteer en te voltooi nie. | u die verband visueel voorstel; bv. 4+1+? sal nie dieselfde as 1+4+? beteken nie. |
| ***Geheue***<br>○ Korttermyn- (werkende) geheue is swak.<br><br>○ Langtermynherroeping is swak.<br><br>○ Vind dit moeilik om volgorde van ’n proses te herroep en te volg; bv. om ’n sakrekenaar te gebruik. | Nie in staat om inligting lank genoeg te onthou om dit te verwerk en daarop te reageer nie.<br><br>Verkeerde reaksies op vaardighede wat voorheen bemeester is<br><br>Vind dit moeilik om te begin as hulle nie seker is van die volgorde nie | Gebruik visuele instruksies/ modellering en bied soortgelyke take/ formate aan wat nie op korttermyngeheue staatmaak nie.<br><br>Gebruik oor-leer en volgehoue hersiening van vaardighede.<br><br>Volwassenes en/of leerders gebruik repetisies (selfpraat) om die proses te voltooi; bv. skakel sakrekenaar aan, verbaliseer elke syfer/ simbool. |

| Spesifieke leerprobleme | Implikasies | Strategieë |
|---|---|---|
| ***Aandagvaardighede*** | | |
| ○ Word maklik verwar deur visuele afleidings, geraas en beweging | Leerders se werk is onvolledig.<br><br>Volwasse ingryping word dikwels vereis om die leerders op die taak te laat fokus. | Verskuif die leerders na ’n omgewing waar daar minder steurnisse is, wanneer nodig, bv. onafhanklike werkarea of onttrekking. |
| ○ Vind dit moeilik om aandag te gee as die taak moeilik of vervelig lyk | Die leerders sal ’n reeks gedragsprobleme openbaar. Die leerders kan nie geheelklas-mondelinge opdragte volg nie. Die leerders volg slegs die laaste opdrag. | Gee vir die leerders vereenvoudigde opdragte.<br><br>Gebruik visuele uitstallings van take wat hulle moet voltooi, gevolg deur ’n beloning/ vryetydaktiwiteit. ’n Aantal korter take lewer beter resultate as een langer taak. |
| ○ Vind dit nog moeiliker om aandag aan mondelinge inligting te gee as dit deel van ’n groot groep vorm | | |

| | | |
|---|---|---|
| X | Die leerders kan dalk een element van die opdrag uitsonder en slaan dan skielik 'n ander koers in in hul gedagtes. | Lei die leerders in die regte rigting. Verskaf visuele aanmoediging. |

| | | |
|---|---|---|
| ***Foutlose leerders*** | Moeilik om verkeerde antwoorde reg te stel | Moenie die leerders toelaat om ’n verkeerde prosedure/taak te oefen/internaliseer nie, aangesien dit uiters moeilik is om dit af te leer en weer te onderrig. |
| ***Vermyding van mislukking*** | Weiering om taak aan te pak as dit te moeilik lyk – te veel mondelinge of skriftelike inligting, selfs al is take geskik | Bied slegs ’n geringe takie/ deel van ’n taak op ’n slag aan.<br><br>Bied aktiwiteite in ’n roetineformaat aan.<br><br>Bring veranderinge aan ’n formaat of taak geleidelik aan. |

Kontakbesonderhede van die verskillende Down-sindroomverenigings in Suid-Afrika:

Nasionale Down-sindroom Suid-Afrika

Posbus 12962

Hatfield

Pretoria 0028

Tel./faks: 012 615 9401

E-pos: dssaoffice@icon.co.za

Streekkantore

| | | | |
|---|---|---|---|
| Pretoria | 012 664 8871 | Johannesburg | 011 484 6116 |
| Durban | 031 464 2055 | Wes-Kaap | 021 949 0900 |
| Cape Support | 021 689 1519 | Oos-Londen | 043 748 2893 |
| Port Elizabeth | 041 360 6565 | | |

## 5 Outisme

Toe kinderoutisme aanvanklik geïdentifiseer is, het een van die teorieë daaroor voorgestel dat die manier waarop die gesinslede met mekaar te verkeer, ’n belangrike faktor in die ontwikkeling van die simptome was. Dit het egter duidelik geword dat outisme ’n biologiese oorsprong het. Professionele persone soos onderwysers behoort hulle dus daarvan te weerhou om te dink dat die manier waarop ouers hul kind hanteer die oorsaak van sy of haar eienaardige gedrag en sosiale isolasie is.

Onderwysers in voorskoolse klasse en wat Grondslagfase onderrig, spel ’n belangrike rol in die *identifisering* van ’n jong leerder wat moontlik ’n sosiale interpersoonlike probleem ervaar wat verband hou met outisme. Die identifisering van leerders met outisme in hul vormingsjare is uiters belangrik. U mag ouers egter nooit meedeel dat ’n kind outisties is nie, maar help hulle om raad by professionele persone te soek. Dit is slegs professionele persone wat werklik kan sê of ’n kind outisme het of nie. Daarom is die belangrik dat u, as onderwyser, sal weet wat die simptome is wat daarop kan dui dat ’n jong kind aan outisme ly. Hou die kontakbesonderhede van verenigings en skole vir outisme (en ander vorme van belemmerings wat in u studiegids verskaf word) byderhand vir tye wanneer ouers professionele hulp soek.

Onderwysers wat by skole vir outistiese leerders skoolhou, doen wonderlike werk, en met hulle hulp en toewyding kan party van die leerders wat sekere vorme van outisme het, teruggeplaas word in hoofstroomonderwys.

Die volgende inligting kom uit ’n boekie wat verskaf word deur Outisme Suid-Afrika: *Could this child in front of me be manifesting autistic spectrum syndrome? (Infromation for teachers)*.

Outisme of outistiese spektrumafwyking (OSA) is ’n lewenslange, ingewikkelde, ingrypende ontwikkelingsbelemmering wat ’n genetiese oorsprong het en uit ’n veelfaset-oorsprong voortspruit wat versteurings in breinontwikkeling en -funksionering te weeg bring. Daar kom vier maal meer gevalle onder seuns as meisies voor en dit lyk asof die insidensie van OSA besig is om toe te neem.

Outisme begin by geboorte of voor die ouderdom van drie jaar. Daar bestaan verskeie subgroeperinge binne die outistiese spektrumafwyking waarvan die beste kinderoutisme, vroeëkinderoutisme en Asperger-sindroom is. Asperger-sindroom presenteer met meer subtiele probleme, maar dit het voldoende onderskeidende kenmerke om afsonderlik geklassifiseer te word.

Leerders met OSA ervaar dikwels ook leerprobleme en die reeks intellektuele vermoëns by leerders met OSA is omvangryk. Die teenwoordigheid van addisionele belemmerings soos epilepsie, sensoriese belemmerings en intellektuele belemmerings kan in samehang met OAS bestaan.

Leerders met OSA presenteer met talle verskillende vlakke van ernstigheid. Hulle vertoon ook ’n wye verskeidenheid kenmerke, omdat hulle almal beïnvloed word deur wat bekend staan as die ‘*drietal belemmerings’*. Die drietal word tipies met ’n smal, herhalende patroon aktiwiteite en weerstand tot verandering in dinge geassosieer wat die individuele persoon direk kan beïnvloed. Dit manifesteer in ’n belemmering in die gehalte van ontwikkeling op die volgende terreine:

### *5.1 Sosiale interaksie*

- Min bewustheid van die bestaan van ander mense of hul gevoelens
- ’n Swak of afwesige vermoë om toepaslike sosiale kontak te maak
- Die ernstige vorm is afsydigheid en onverskilligheid teenoor ander mense, hoewel die meeste leerders met outisme ’n gehegtheid op ’n eenvoudige vlak met ouers of versorgers toon.
- Onverskilligheid of ’n weersin om vasgehou, vertroetel of aangeraak te word
- Moeilik om toepaslike verhoudings met maats of ander mense te vorm
- In minder ernstige gevalle aanvaar ’n individuele persoon sosiale kontak en toon selfs effense genot daarin hoewel hy of sy nie spontaan toenadering sal soek nie.
- Verkies om alleen te speel

### *5.2 Taal en kommunikasie*

- Die ontwikkeling van spraak en taal kan abnormaal, vertraag of afwesig wees.
- Iemand toon minimale reaksie op mondelinge inset en tree partymaal op asof hy/sy doof is.
- Die teenwoordigheid of begrip van gesiguitdrukkings en/of gebare kan uitsonderlik of afwesig wees.
- Herhaal woorde, vrae, frases en/of sinne oor en oor
- Eindelose monoloë oor hul spesiale belangstellings sonder om by die luisteraar se behoeftes aan te pas
- Woorde en frases kan verkeerd gebruik word.
- Spraakproduksie kan ongewoon wees. ’n Plat monotone toon of onvanpaste variasie in toon kom dikwels voor.
- Diegene wat wel praat, kan deur woorde en woordspel gefassineer word, maar gebruik nie hul woordeskat as ’n instrument vir sosiale integrasie en wedersydse kommunikasie nie.
- Hulle sukkel om gesprekke te begin of deel te neem daaraan.

### *5.3 Gedrag en verbeelding*

- Verbeeldingspel kan beperk of swak wees; hulle kan byvoorbeeld nie met ’n houtblokkie speel asof dit ’n speelgoedmotortjie is nie.
- ’n Geneigdheid om op onbelangrike aspekte van dinge in die omgewing te fokus in plaas daarvan om die hele toneel se betekenis op ’n verbeeldingryke manier te verstaan
- Hulle kan ’n beperkte reeks verbeeldingsaktiwiteite vertoon wat ’n onderwyser kan agterkom dat hulle dit van die televisie of iewers anders nageboots het.
- Hulle voer aktiwiteite oor en oor uit, en kan nie deur voorstelle om te verander, beïnvloed word nie.
- Hul spel kan lyk asof dit ingewikkeld is, maar by nadere ondersoek blyk dit ’n rigiede en stereotipiese patroon te volg.
- Ongewone gewoontes soos om heen en weer te wieg, te spin, hul vingers te klap, voortdurend met voorwerpe te vroetel, om voorwerpe in die ronde te spin, om op voorwerpe te tik of daaraan te krap, of om voorwerpe in rye of patrone te rangskik
- Onvanpaste gebruik van speelgoed terwyl hulle speel
- Hou vas aan voorwerpe; dra byvoorbeeld die hele dag ’n stukkie wol saam
- Merkbare fisiese ooraktiwiteit of uiterste onderaktiwiteit
- Woedebuie kan sonder enige rede voorkom.
- Veranderinge in roetine van hul omgewing; byvoorbeeld ’n verandering in die roete na die skool of toerusting wat in die klaskamer op ander plekke neergesit word, kan spanning veroorsaak.
- Belangstellings en reeks aktiwiteite kan beperk wees; hulle stel byvoorbeeld slegs in legkaarte belang.
- ’n Klein persentasie leerders het vermoëns wat uitsonderlik is in verhouding tot hul algehele funksionering, soos ’n uitsonderlike geheue in ’n spesifieke belangstellingsveld of ’n buitengewone kunsvermoë.

**Die volgende kenmerke kan saam met die drietal belemmerings waargeneem word:**

- Min of geen oogkontak
- Geen ware vrees vir gevaar nie

- Abnormaliteite in die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede; byvoorbeeld, swak leervaardighede of weerstand teen normale onderrigmetodes
- Abnormaliteite in liggaamshouding en motoriese aksie soos swak balans
- Swak groot en fyn motoriese vaardighede by party leerders
- Eienaardige reaksies op sensoriese insette, soos om hul ore te bedek
- Sin van aanraking, smaak, sig, gehoor en/of reuk kan verhoog of verminderd wees
- Bisarre eetpatrone
- Hoë pyndrempel
- Huil of lag vir geen voor die hand liggende rede nie
- Selfbeseringsgedrag soos om hulle kop te stamp, te krap en te byt
- Abnormale slaappatrone

## 6 Boeke oor inklusiewe onderwys en onderwys vir spesiale behoeftes

Daar is talle boeke oor inklusiewe onderwys wat in die biblioteek beskikbaar is. Die volgende is slegs enkeles van die jongste boeke wat in Suid-Afrika verskyn het:

Eloff, I & Ebersöhn, L. 2004. *Keys to educational psychology.* Cape Town: UCT Press.

Engelbrecht, P & Green, L. 2007. *Responding to the challenges of inclusive education in Southern Africa.* Pretoria: Van Schaik.

Frederickson, N & Cline, T. 2002. *Special educational needs*. Buckingham: Open University Press.

Landsberg, E., Krüger, D. & Nel, NM. 2005. *Addressing barriers to learning: A South African perspective*. Pretoria: Van Schaik.

Landsberg, E., Krüger, D. & Nel, NM. 2011. *Addressing barriers to learning: A South African perspective*. Pretoria: Van Schaik.

Beste wense.

U dosente